**DEPARTEMENT VAN TOERISME: VAARDIGHEIDSONTWIKKELINGSPROGRAMME**

## 1. WERWINGSPROGRAM VIR TOERISMEGEGRADUEERDES

Die doelwit van die program is om gegradueerdes toe te rus met die voorvereiste vaardighede, kennis en ervaring wat hulle vir werkgereedheid binne die toerisme- en gasvryheidsektor sal voorberei.
Die program is op werklose jeug gerig wat gegradueerdes met toerisme- en gasvryheidskwalifikasies is. Die program duur 12 maande en bestaan uit 'n werkgereedheidswerkwinkel en 'n plasing by gasheerwerkgewers.
Voltooiingsertifikate sal deur die deelnemende gasheerwerkgewers toegeken word.

**Kriteria vir keuring van begunstigdes:**

- Aansoekers moet tussen die ouderdom van 18 en 35 wees
- Toerisme- en gasvryheidskwalifikasie (verskaf gewaarmerkte afskrifte van sertifikate)
- Gewaarmerkte ID-afskrif (Suid-Afrikaanse burger)
- Gegradueerdes, werklose jeug, ook mense met gestremdhede
- Bewys van verblyf en enige ander tersaaklike sertifikaat/sertifikate
- Begunstigdes wat voorheen aan die Departement se leerlingskap- of vaardigheidsprogramme deelgeneem het, moet dit in die motiveringsbrief verklaar.

Deelnemers sal 'n maandelikse besoldiging ontvang.

Navrae kan gestuur word aan: skillsdevelopment@tourism.gov.za

## 2. KULINÊRE VAARDIGHEIDSPROGRAMME

Die kulinêre vaardigheidsprogramme bestaan uit al die vaardighede wat met voedselvoorbereiding verband hou. Hierdie vaardigheidsprogramme is op werklose jeug gerig wat 'n loopbaan in die toerisme- en gasvryheidsektor wil volg. Die programme sal vir 'n tydperk van drie, ses en 12 maande geïmplementeer word. Die vaardighede wat aangebied word sluit onder andere die volgende in, maar is nie daartoe beperk nie:

- Voedselveiligheid en -higiëne
- Bak- en fyngebakvaardighede
- Braaivaardighede
- koskombinasievaardighede
- Kitskos
- Voedsel en drankies
- Professionele kookkuns

Geakkrediteerde sertifikate sal toegeken word na voltooiing van die opleidingsprogram.

**Kriteria vir keuring van begunstigdes:**

- Aansoekers moet tussen die ouderdom van 18 en 35 wees
- Toerisme- en gasvryheidskwalifikasie (verskaf gewaarmerkte afskrifte van sertifikate)
- Gewaarmerkte ID-afskrif (Suid-Afrikaanse burger)
- Werklose jeug, ook mense met gestremdhede
- Bewys van verblyf en enige ander tersaaklike sertifikaat/sertifikate
- Begunstigdes wat voorheen aan die Departement se leerlingskap- of vaardigheidsprogramme deelgeneem het, moet dit in die motiveringsbrief verklaar.

Deelnemers sal 'n maandelikse besoldiging ontvang.

Navrae kan gestuur word aan: skillsdevelopment@tourism.gov.za

## 3. ERKENNING VAN VORIGE LEER AS VAKMAN VIR SJEFS

Die program vir die erkenning van vorige leer as vakman (EVL) het ten doel om die vorige leer van sjefs te erken sodat hulle 'n formele kwalifikasie (sjefberoepskwalifikasie – Sako-ID 101697 [SAQA ID 101697]) kan verwerf.

Die doelwit van die program is om leerders deur die EVL-proses te neem om 'n sjefkwalifikasie op 'n NKR-vlak 5 [NQF level 5] en beroepsbenamingsvlakke te verwerf. Die program is op sjefs gerig wat in diens is met vaardighede en ervaring sonder 'n formele kwalifikasie.

**Kriteria vir keuring:**

- Aansoekers moet 19 jaar of ouer wees
- Moet 'n Suid-Afrikaanse burger wees
- Moet ten minste 3 jaar bedryfservaring hê as sjef in 'n kombuisbrigade [*brigade de cuisine*]
- Moet Engels kan praat, lees en skryf
- Moet 'n passie vir kos, die vermoë om hard te werk en 'n oog vir detail hê

## 4. UITVOERENDE BEAMPTE-ONTWIKKELINGSPROGRAM VIR VROUE

Die program is op vroue gerig wat vanaf middelbestuursvlak en hoër in diens is. Werwing word in alle provinsies gedoen.

Die hoofdoelwit van die program is om bestuurders deur 'n erkende Suid-Afrikaanse sakeskool op te lei om hulle voor te berei vir uitvoerende en/of raadsposisies, asook ander geleenthede in die toerismesektor.

**Kriteria vir toelating:**

- 'n Drie jaar, Sako-geregistreerde baccalaureusgraad of nasionale diploma met 360 krediete van 'n geakkrediteerde instelling
- Moet 'n Suid-Afrikaanse vrou wees
- Moet ten minste drie jaar bestuurservaring in die toerismesektor hê, alternatiewelik sal 'n portefeulje van bewyse van vorige leer oorweeg word
- Moet toegang tot 'n rekenaar en die internet hê

Toelating sal verleen word met dien verstande dat deelnemers weeklikse sindikaatgroepvergaderings en -besprekings, asook twee verpligte studieskole by 'n gekose lokaal kan bywoon.

## 5. TOERGIDSOPLEIDING

Om as toergids te dien is 'n kritieke komponent van die toerismewaardeketting aangesien dit 'n noodsaaklike rol speel om 'n positiewe beeld van ons land te skep.

In Suid-Afrika is dit 'n gereguleerde beroep wat deur nasionale wetgewing en beleide beheer word om as toergids te dien. Enige persoon wat 'n toergids wil word, moet opleiding ondergaan as deel van 'n formele kwalifikasie wat deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (Sako) geregistreer is. Sodra sodanige persoon as bevoeg geag word, sal hy of sy 'n sertifikaat ontvang wat deur die sektorale onderwys- en opleidingsowerheid vir die kultuur-, kuns-, toerisme-, gasvryheid- en sportsektor (CATHSSETA) of enige ander geakkrediteerde instelling uitgereik word. Suksesvolle kandidate moet dan by die tersaaklike provinsiale registrateur aansoek doen om geregistreer te word ten einde wettig te werk.

Die rol en funksie van 'n gids is om te organiseer, in te lig en te vermaak. Gidse werk hoofsaaklik vryskut en/of vir hulself, dikwels seisoenaal en onreëlmatige ure. Werk word

gewoonlik verkry deur regstreekse kontak met toeroperateurs en ander agentskappe en daarom moet gidse selfonderhoudend wees en hulself kan bemark.

Die Departement befonds vaardigheidsverbeteringsprogramme vir bestaande toergidse ten einde die dienste te verbeter wat deur hulle aangebied word, asook toergidsopleidingsprogramme vir nuwe toetreders wat loopbane as toergidse wil volg. Programme wat gewoonlik geïmplementeer word, word op alle departementele sosiale media platforms geadverteer, ook die departementele webtuiste. Die opleiding is dikwels behoeftegebaseerd en het ten doel om die vaardigheidstekorte binne die sektor te hanteer. Daarom wissel die kriteria vir die keuring van begunstigdes en is dit afhanklik van die aard van die opleidingsingryping.

Navrae kan gestuur word aan: TGtraining@tourism.gov.za

## 6. INTERNSKAPPROGRAM

Die Departement adverteer sy internskapprogram om gegradueerdes in die ontwikkeling van werkgebaseerde ervaring en bevoegdhede te ondersteun om hul vermoë te verbeter om werk in die algemene arbeidsmark te verkry. Die program poog om aangestelde interns aan 'n praktiese werkomgewing bloot te stel ten einde bevoegdhede deur werkgebaseerde leer en ervaring te verkry.

**Aansoekproses**
Advertensies in die DPSA-omsendbrief, op die departementele webtuiste (www.tourism.gov.za) en sosiale media platforms.

'n Aansoek om deelname aan 'n internskapprogram moet die volgende insluit:

- 'n Aansoekbrief
- Nuwe Z83-vorm beskikbaar op die departementele of DPSA-webtuiste
- Curriculum vitae

## 7. TOERISMEMONITORSPROGRAM

Die Toerismemonitorsprogram is 'n inisiatief wat deur die Departement van Toerisme aangebied word. Hierdie program word onder beskerming van die Uitgebreide Openbarewerkeprogram (UOWP) geïmplementeer om toerismeveiligheidskwessies te hanteer terwyl werkloosheid aangepak word deur werklose jeug op te lei en by sleuteltoeristebesienswaardighede te ontplooi.
Dit het ook ten doel om veiligheidsbewustheid te verhoog, misdaadvoorvalle wat toeriste teiken te verminder, asook om kwesbaarhede binne toerismebedrywighede te versag deur deelnemers met vaardighede en praktiese werkervaring toe te rus.

**Opleidingsproses**

Die program behels opleiding, mentorskap asook die ontplooiing van toerismemonitors na geïdentifiseerde toeristebesienswaardighede en toeristeterreine om toerismeveiligheid te verbeter.
Suksesvolle kandidate sal kontrakte teken wanneer hulle vir die program ingeskryf word en sal sekuriteitskeuring moet ondergaan. In die geval van 'n negatiewe sekuriteitskeuringsresultaat sal die kandidaat van die program vrygestel word.

Die opleiding is fisies veeleisend en duur vir 'n tydperk van 12 maande, met drie maande wat toegewy word aan teoretiese opleiding en die oorblywende nege maande wat beskikbaar is vir praktiese opleiding by die werkplekke.

Hulle word ook opgelei in kliëntesorg en protokol om toerismemonitors in staat te stel om met buitelandse en plaaslike hooggeplaastes, diplomate, asook ander hoëprofielbesoekers en toeriste wat geleenthede in Suid-Afrika gaan bywoon, in wisselwerking te tree.

**Kriteria vir keuring van begunstigdes:**

- Moet 'n Suid-Afrikaanse burger wees
- Werklose jeug tussen die ouderdom van 18 en 35
- Moet geen kriminele rekord hê nie
- Moet binne 'n radius van 25 km vanaf die opleidingsplek woon
- Moes nie aan enige Uitgebreide Openbarewerkeprogram (UOWP) deelgeneem het nie

Toerismemonitors sal 'n maandelikse besoldiging betaal word.

**Navrae: Mnr. John Ndhlovu**
**Tel: 012 444 6391**
**E-pos: jndhlovu@tourism.gov.za**

Alle navrae kan gestuur word aan:

**DEPARTEMENT VAN TOERISME**
Oproepsentrum: 012 444 6730/6621 | E-pos: callcentre@tourism.gov.za
Nasionale kantoor: 012 444 6000
Fisiese adres: Tourism House, Trevennastraat 17, Sunnyside
Posadres: Privaat sak X424, PRETORIA, 0001
Webtuiste: www.tourism.gov.za